HOOFSTUK 2

2. IMMIGRASIE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

2.1 Inleiding

Dit is vir die doeleindes van hierdie studie essensieel om 'n geheelbeeld van immigrasie in die R.S.A. te verkry, aangesien dit bepalend vir die onderwysvoorsiening aan immigrantekinders is. 'n Oriëntering ten opsigte van migrasie, aanvullende migrasiebegrippe asook die implikasies van immigrasie vir die onderwys is eerstens nodig. Vervolgens word die historiese aspek van immigrasie in Suid-Afrika toegelig omdat iedere immigrasiebeweging ook betrekking op die onderwys gehad het[1].

Immigrasie moes sedert 1961, onder andere om ekonomiese en demografiese redes, uitgebrei word, en maatreëls, soos die stigting van die Departement van Immigrasie ter bevordering van die staatsondersteunde immigrasieskema, moes getref word[2]. Die statistiese aspekte van immigrasie in die R.S.A. sedert 1961 is vir die onderwys van die grootste belang vanweë die groot aantal kinders van die verskeidenheid immigrante, van uiteenlopende sosio-ekonomiese herkoms, wat hulle oneweredig verspreid vestig[3]. Hierdie oneweredige verspreidingspatroon van immigrante maak dit noodsaaklik om die vestigingsproses van immigrante na te gaan om vas te stel wanneer konsentrasies immigrante in 'n gemeenskap die kritieke assimilasieversadigingspunt, waarby die

---

1. Coetzee, J. C. Onderwys in Suid-Afrika, pp. 7, 44 en 297.
2. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, p.3.
3. Kotzee, A.L. Die onderwys en opvoeding van die immigrantekind. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., Sept. 1972, p. 64.

inheemse bevolking uitwyk, bereik[4]. Dieselfde proses sal in die skole van die immigrantekonsentrasiegebiede voorkom wanneer Suid-Afrikaanse kinders uitwyk uit dié skole waarin immigrante=kinders akkumuleer[5].

2.2 Migrasie

Migrasie is 'n omvangryke begrip wat verklaar moet word om die konsekwensies daarvan vir die onderwys te bepaal.

2.2.1 Migrasie en aanvullende begrippe

Migrasie is die verhuising van 'n individu of 'n groep mense van een gemeenskap na 'n ander. Dit kan op twee wyses plaasvind, binnelandse of interne migrasie en internasionale of eksterne, tussenstaatse migrasie oor landsgrense heen. Laasgenoemde sluit die aanvullende begrippe emigrasie en immigrasie in[6].

Daar is twee gesonde motiewe vir migrasie. Aan die een kant moet daar 'n soort druk in die land van herkoms wees wat 'n persoon aanmoedig om die land te verlaat, sogenaamde stootfaktore. Aan die ander kant moet daar 'n trekkrag, sogenaamde trekfaktore wees in die land waarheen die persoon emigreer[7]. Migrasie kan dus 'n vrywillige of gedwonge beweging wees.

---

4. Allport, G.W. The nature of prejudice, p. 227.
5. Vergelyk paragrawe 4.5.3.1, tabel 32, 4.5.3.3, tabel 33, en 4.5.4.
6. Barnard, W.S. en Nel, A. Bevolkingsaardrykskunde. Uittreksel uit Ons Nuwe Wêreld senior sekondêre kursus eerste jaar, pp. 13 - 28.
7. Lotz, J.W. 'n Sosiologiese ondersoek na die houding van stedelike blanke Suid-Afrikaners teenoor die Suid-Afrikaanse immigrasiebeleid, p. 11.

Emigrasie dui op persone se verlating van die land van herkoms.

"Emigratie heeft plaats wanneer het individu als direct antwoord op - of indirect ten gevolge van - een bepaalde conflictsituatie van woonplaats verandert met de bedoeling dat deze verandering definitief zal zijn terwijl daarby tevens een overgang van het ene sociaal-culturele milieu naar een geheel ander plaatsvindt." 8)

Daar word algemeen aanvaar dat emigrasie getuig van 'n gevoel van ontevredenheid in die land van herkoms en die begeerte van 'n individu om in 'n nuwe omgewing met vertikale moontlikhede suksesvol te wees 9). Akkurate informasie aangaande die nuwe land dra by tot die realistiese verwagting van die emigrant. Hierdie verwagting moet op feite gebaseer wees,

"hence the importance of pre-migration education". (10)

Immigrasie dui op die binnekoms van vreemdelinge in 'n land met die doel om hulle blywend daarin te vestig 11). Dit kan gebeur dat persone wat 'n land tydelik binnekom, kan besluit om hulle permanent in die land te vestig waarna hulle by die Departement van Immigrasie aansoek doen om permanente vestiging 12). Emigrasie en immigrasie dui dus komplimentêr op permanente vestiging.

Nie alle persone is geskik vir migrasie nie, hetsy vrye of gekontroleerde migrasie 13). Natuurlike seleksie vind plaas in soverre as wat 'n persoon se fisiese en geestelike toestand hom

---

8. Menges, L.J. Geschicktheid voor emigratie, pp. 10, 124 en 150.
9. Du Plessis, A.P. Die Nederlandse emigrasie na Suid-Afrika, p. 225.
10. Borrie, W.D. The cultural integration of immigrants, p. 150.
11. Republiek van Suid-Afrika. Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937, art. 4.
12. Ibid., arts. 5 en 10; Vergelyk paragraaf 1.4.1.
13. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, p. 2.

verhoed om te emigreer. Kunsmatige seleksie behels hoofsaaklik beperkings wat deur regerings van ontvangende lande opgelê word[14]. Die immigrant moet dus oor emigrasiepotensiaal beskik. Menges beskryf emigrasiepotensiaal as

> "de potentie van de emigrant om in de nieuwe omgeving - indien deze zulks redelijkerwijs mogelijk maakt - geleidelik en op niet al te lange termijn tot een voor hem normale mate van innerlike evenwicht te geraken en tegelijkertyd in de nieuwe omgeving zodanig tot integratie te komen dat hij daarin geen storend element meer vormt"[15].

Integrasie impliseer resiprositeit van die kant van die immigrant sowel as van die inheemse bevolking.

Wanneer die immigrant egter in aanraking kom met die inheemse of ontvangende bevolking, gaan die verhouding tussen beide deur verskillende opeenvolgende ontplooiingsfases[16]. Kontak word eerstens op vreedsame, eksploratiewe wyse gemaak. Die inheemse outochtone bevolking kan die immigrant egter as 'n bedreiging vir werkgeleenthede, behuising, taal- of godsdiensverhouding sien, wat dan aanleiding tot kompetisie en konflik gee[17]. Wanneer die inheemse of outochtone bevolking egter besef dat immigrasie 'n voldonge feit is, kan 'n skikking of kompromis getref word om mekaar te verdra sodat daar dan sprake van akkommodasie is; m.a.w., die inpassing vorder nie so ver as assimilasie nie en gee ook nie aanleiding tot konflik nie[18].

---

14. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, p. 2.
15. Menges, L.J. Op. cit., p. 11.
16. Allport, G.W. Op. cit., p. 272.
17. Venter, J.D. Die immigrant en die ekonomie. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., Sept. 1972, p. 52.
18. Menges, L.J. Op. cit., p. 12.

Akkommodasie gaan gepaard met 'n negatiewe houding waarin vyf stadia onderskei word, nl. verbale vooroordeel en verwerping; vermyding; onttrekking en uitwyking; diskriminasie met insluiting van segregasie; en fisiese aanvalle en uitwissing[19]. Akkommodasie gaan ook gepaard met die terugdrukking van immigrante in bepaalde beroepsrigtings en/of afsonderlike woonbuurte. Hierdie negatiewe houding wat deur die volwassenes geopenbaar word, kom ook by kinders in skole voor[20].

Na akkommodasie volg akkulturasie en dan assimilasie. Assimilasie is die mees gevorderde vorm van aanpassing, wat daartoe lei dat die individuele en groepseie van die immigrant in die nuwe land heeltemal verlore gaan[21], m.a.w. die immigrant gaan so op in die dominante groep se taal, gewoontes en gebruike dat hy nie meer te onderskei is van die meerderheid nie. Omdat assimilasie gewoonlik eers in die tweede of derde geslag moontlik is, is immigrasie toegespits op die inburgering en inskakeling van die immigrant[22]. Dit verg aanpassing van die immigrant sowel as van die outochtone bevolking, m.a.w. akkulturasie en integrasie wat gerig is op aanpassing by die waardes, norme en leefwyse van die nuwe land. Immigrasie het dus twee effekte, 'n desosialiserende, denasionaliserende en 'n hersosialiserings- en hernasionaliseringseffek om te konformeer met die nuwe sosiale omgewing[23]. Die inskakelingsproses gaan gepaard met 'n

---

19. Allport, G.W. Op. cit., p. 14.
20. Vergelyk paragraaf 4.5.
21. Menges, L.J. Op. cit., p. 12.
22. Republiek van Suid-Afrika. Departement van immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, pp. 5 en 6.
23. Eisenstadt, S.N. Analysis of patterns of immigration and absorption of immigrants. Population studies, Vol. VII, 1953, p. 167;
Venter, J.D. Op. cit., p. 51.

verdedigingsmeganisme wat gerig is op die bewaring en handhawing van eie identiteit en die nasionale kultuur, wat aanleiding gee tot die stigting van private immigranteskole[24].

2.2.2 Die implikasies van immigrasie vir die onderwys

Die immigrant sowel as die outochtone bevolking moet opgevoed word tot inskakeling, inburgering en inpassing. Die onderwys en die openbare skole is by uitstek die media om sosiale verandering[25] te weeg te bring en kulturele integrasie met die immigrante te bevorder, en behoort as sodanig benut te word[26]. Aangesien die immigrant egter immigreer om hom blywend te vestig, moet die onderwys gerig word op die stabilisering van die gemeenskap, sosiale solidariteit en die oordrag van die nasionale kultuur ter versuidafrikaansing van die immigrantekind en ter beskerming en stimulering van die outochtone bevolking en kultuur.

2.3 Die historiese aspek van immigrasie en onderwys in Suid-Afrika voor 1961

Die onderwys is met die verskillende immigrasiebewegings na Suid-Afrika sedert die 17de eeu gebruik om die nasionale kultuur oor te dra en sosiale en kulturele verandering te weeg te bring. Immigrante het die voertaal van die meerderheid van die taalgemeenskap geleer, en assimilasie is deur verspreiding bewerkstellig. Waar die immigrante se immigrasiemotief ekonomies van aard was, het hulle nie gekonformeer nie, die taalverhouding versteur of sonder veel provokasie na die land van herkoms teruggekeer.

---

24. Vergelyk paragrawe 3.4.3.4.2 en 4.6.
25. Swift, D.F. The sociology of education, pp. 83, 87 en 91.
26. Borrie, W.D. Op. cit., p 129.
    Vergelyk paragrawe 4.2 en 6.2.

Jan van Riebeeck, die stigter van blanke Suid-Afrika, het die nedersetting van blanke koloniste by Here XVII aanbe= veel met die hoop dat die koloniste met verloop van tyd

"heel van Hollant afwenden ende't eenemael van deese plaats haar vaderlant mogen maecken"[27].

Sy doel was die vestiging, uitbreiding en verspreiding van 'n blanke nasie wat die Christelike Westerse beskawing binne Suid-Afrika sou indra[28]. Die Vryburgers, onder wie stam= vaders van die Afrikaners was, was van Nederlandse en Duitse afkoms, dog die meerderheid het uit die stamland Nederland gekom, en hulle isolasie van die vaderland het hulle vestig= ing aan die Kaap bevorder. Die Duitse immigrante het in taal, sedes en gewoontes spoedig met die meerderheid gekonfor= meer en verhollands. Hulle het met die Kaapse bevolking ge= assimileer omdat hulle onder andere as enkelinge verspreid en nie in 'n groep tussen die burgers van Hollandse oorsprong gevestig is nie[29]. Die amptenare wat hulle suiwer om ekono= miese redes aan die Kaap gevestig het en nie wou konformeer nie, het na Nederland teruggekeer.

Die Afrikanervolk, wat uit die 17de-eeuse Vryburgers gestam het, is dus oorwegend van Nederlands-Duitse, dus Germaanse oorsprong. Alhoewel Portugees reeds voor die volksplanting aan die Kaap gepraat is en daar gevolglik Portugese woorde in Afrikaans is, is Afrikaans egter 'n ontwikkeling van Nederlands in die nuwe taalmilieu.

Die blanke bevolking is in die 17de eeu om demografiese redes uitgebrei, en die grootste toevoeging tot die 612 blankes en 310 slawe was dié van 151 Franse Hugenote,

---

27. Van Jaarsveld, F.A. Nuwe geïllustreerde geskiedenisboek vir die senior sertifikaat, deel 1, p. 18.

28. Cronje, G. Die Westerse kultuur in Suid-Afrika, p. 30; Van Jaarsveld, F.A. Van van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966, pp. 38 - 44.

29. Van Jaarsveld, F.A. Nuwe geïllustreerde geskiedenisboek vir die senior sertifikaat, p. 20.

wat voor die Rooms-Katolisisme gevlug het[30]. Die Franse Hugenote het dus 17¼% van die totale bevolking getel[31]. As groep het hulle getrag om hulle volkskarakter te handhaaf deur gesinsverband, taal, godsdiens en onderwys. Die sosiale wry= wing wat as gevolg van hulle groepsvorming ontstaan het, is geëlimineer deur die regering se beleid om die Franse godsdiens= vlugtelinge tussen die Hollanders in te laat woon.[32]

"Hulle politiek teenoor die mense was: inlywing en mortifikasie, en hiertoe moes as hulpmiddels dien gesamentlike skole - waar= in daar veral aandag gegee word dat die Franse kinders die Nederlandse taal aanleer - en verspreiding tussen die gele= dere van die Hollandse nasie in" [33].

Alhoewel die skoolmeesters Nederlands en Frans magtig was, is gepoog om die kinders privaat in Frans op te voed. Die geskiedenis het reeds bewys hoe effektief die verspreidings= beleid is, wat bevorder is deur die ooreenkoms in geloof met die ou Protestantse koloniste, gemeenskaplike landboubelang en isolering van Frankryk[34].

Deels as gevolg van die Napoleontiese oorloë en die strategiese waarde van die Kaap, het die Kaap in 1795 tot 1803 'n Britse besettingsgebied geword, afgewissel deur die Bataafse Republiek, en permanent van 1806 tot 1961[35]. Die Britse regering het 'n verengelsingsbeleid, onder andere deur immigrasie, taalwette en onderwys gevolg[36]. Die Britse element is geleidelik ver= sterk met 4 000 Britte van 1806 tot 1820, daarna deur 4 000 van

---

30. Nathan, M. The Huguenots in South Africa, p. 151.
31. Loc. cit.
32. Du Plessis, A.P. Op. cit., p. 14.
33. Coetzee, J. C. Op. cit., pp. 7 en 8.
34. Van Jaarsveld, F.A. Van Van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966, pp. 38 - 45.
35. Van Jaarsveld, F.A. Nuwe geïllustreerde geskiedenisboek vir die senior sertifikaat, pp. 20 en 21.
36. Coetzee, J.C. Op. cit., pp. 41 - 48.

die 1820-Setlaars en deur 6 000 Britse immigrante in 1858-59, terwyl die Afrikanerkoloniste deur 'n hoë natuurlike aanwas vermeerder het[37)]. Die groot infiltrasie en konsentrasie van die Britte het die verengelsingsbeleid bevorder, dog die Britse immigrante wat as vlugtelinge na Suid-Afrika geïmmigreer het, was die Afrikanerkoloniste goedgesind[38)]. As gevolg van die binnekoms van die Britse immigrante bestaan die blanke bevolking uit twee taal- en kultuurgroepe, die genoemde Afrikanergroep en die Engelse. Die idee het ook begin posvat dat Engels 'n voordeel as wêreld- en handelstaal het[39)].

Die grootste toestroming van immigrante het om ekonomiese redes na 1877 en 1886 gevolg met die ontwikkeling van die diamant- en goudmynbedryf. Alhoewel die immigrante kosmopolities was, was die grootste meerderheid Britse onderdane wat om ekonomiese redes geïmmigreer het, nie wou konformeer nie en aanleiding tot die Uitlandervraagstuk en die Tweede Vryheidsoorlog gegee het[40)]. Die versterking van die Engelse element het tot die 20ste eeu bly voortduur. Daarenteen het pogings tot denasionalisering[41)] van die Afrikaner juis aanleiding gegee tot Afrikaner nasionalisme[42)], die erkenning van Hollands en later Afrikaans en tot Christelike Nasionale Onderwys[42)]. Die Nederlanders het veral vanaf 1886 tot 1897 met die Nederlandse immigrasie ten tye van die Transvaalse Republiek en selfs tot 1961 die Afrikanergeledere versterk[43)].

---

37. Van Jaarsveld, F.A. Van van Riebeeck tot Verwoerd 1652 - 1966, pp. 75 - 91;
Du Plessis, A.P. Op. cit., p. 21.

38. Van Jaarsveld, F.A. Nuwe geïllustreerde geskiedenisboek vir die senior sertifikaat, p. 60.

39. Coetzee, J. C. Op. cit., p. 169.

40. Van Jaarsveld, F.A. Op. cit., p. 233.

41. Allport, G.W. Op. cit., p. 227.

42. Keyter, J. de W. Die opvoedingsideaal en strewe van die Afrikaner. In P. de V. Pienaar se Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, p. 214;

Coetzee, J.C. Op. cit., p. 230.

43. Du Plessis, A.P. Op. cit., p. 13.

Die Duitse setlaars het voor die Britse besetting met die Hollandse koloniste saamgesmelt. Latere Duitse setlaars, wat om demografiese redes gewerf is, soos die 3 000 in 1857 na die Krimoorlog, 1 600 in 1858 en 1 900 in 1877 - 78[44], het met Engelse en Afrikaners saamgesmelt. Vanweë groepsvestiging het hulle egter hulle groepsidentiteit enigermate bly bewaar; 'n werklikheid waartoe Duitse skole hoofsaaklik bygedra het.

Alhoewel daar tussen 1948 en 1960 met die bewindsverandering 'n afname in die getal immigrante was, het immigrasie op 'n veel hoër vlak gebly as voorheen[45]. Die Germaanse immigrante, wat hoofsaaklik uit Europa gewyk het as gevolg van Wêreldoorlog II, het hoofsaaklik by die Afrikaner ingeskakel.

Uit dié geskiedenis is dit duidelik dat waar 'n verspreidingsbeleid gevolg is, die onderwys sosiale en kulturele verandering meegebring het, maar by groepsvestiging het die onderwys die groepsidentiteit bewaar. Immigrante wat na Suid-Afrika, as nuwe vaderland geïmmigreer het, het hulle simpatiek, ook op grond van 'n gemeenskaplike Protestantse geloof, by die Afrikaner geskaar. Daarenteen het die immigrante wat uitsluitlik om die ekonomiese trekfaktor geïmmigreer het, hulle vestiging nie as permanent beskou nie en Engels as wêreld- en handelstaal verkies. Diegene wat nie uitsluitlik om ekonomiese redes geïmmigreer het nie, is die mees geslaagde immigrante. Die ander, wie se vestiging slegs op die materiële gerig was, se belangstelling in die land se waardes en

---

44. Van Jaarsveld, F.A. Op. cit., pp. 62 - 65.

45. Jooste, C.J. Demografiese en maatskaplike aspekte van immigrasie. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., Sept. 1972, p. 21.

norme was gering - daar is niks wat hulle oor hulle materiële frustrasie gehelp het nie - en hulle het aggressief aan die politieke aktiwiteite van minderheidsgroepe deelgeneem[46].

Die mees betekenisvolle opwaartse wending in immigrasie in die twintigste eeu het na 1961 voorgekom, om redes wat vervolgens bespreek word.

2.4 Waarom immigrante?

Immigrasie na die R.S.A. is noodsaaklik vanweë ekonomiese, demografiese, sosiale en kulturele oorwegings.

2.4.1 Ekonomiese redes vir immigrasie

Die werwing van immigrante word primêr deur die ekonomiese en arbeidsbeleid van die Regering bepaal[47]. Gedurende die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog het Suid-Afrika buitengewoon vinnige binnelandse ekonomiese uitbreiding ondervind, wat verdere momentum verkry het gedurende die sestigerjare toe internasionale politieke verwikkelinge die Republiek genoop het om in groter mate as voorheen op sy eie hulpbronne staat te maak[48]. Die proses van nywerheidsontwikkeling het ruim werksgeleentheid vir alle bevolkingsgroepe geskep en tot toenemende verstedeliking gelei[49]. Die proses van in-migrasie en natuurlike aanwas voldoen egter nie aan die blanke mannekragbehoeftes en ondernemerstalent nie, en immigrasie is die keuse om dit aan te vul[50]. Die doel met immigrasie is

---

46. Menges, L.J. Op. cit., p. 62.
47. Venter, J.D. Op. cit., p. 48.
48. Republiek van Suid-Afrika. Buro vir Statistiek. Statistiese Jaarboek, 1966, pp. 3 - 5.
49. Loc. cit.
50. Venter, J.D. Op. cit., pp. 43 - 50.

egter nie om die totale arbeidstekort met immigrante aan te vul nie, vanweë die permanente beskikbare nie-blanke arbeidsmag en die moontlikheid om die beskikbare arbeid beter te benut[51].

Daar word getrag om die werwing van immigrante in verband te bring met Suid-Afrika se behoefte aan geskoolde opgeleide werkers en met die land se ekonomiese groeikoers, soos dit van tyd tot tyd van owerheidsweë bepaal word om voldoende werkgeleentheid vir alle volksgroepe te skep ten einde arbeidsvrede te behou en die hoë lewenstandaard en peil van ontwikkeling te verseker[52]. Om die huidige groeikoers van 5½%, vir sover blanke werkkrag daarvoor nodig is, te handhaaf, is 'n jaarlikse wins van 13 000 tot 14 000 ekonomies bedrywige immigrante nodig ter aanvulling van die werkkrag wat jaarliks uit eie natuurlike aanwas beskikbaar word[53]. Dit bring mee dat die totale jaarlikse inname van immigrante ongeveer 40 000 moet wees, wat 'n netto wins van ongeveer 7 000 skoliere meebring[54].

Hierdie ekonomiese redes is 'n trekkrag, sowel vir die immigrante as vir die in-migrante, wat hulle lewenstandaard en werksomstandighede wil verbeter. Hulle wil ook ontkom aan die algemene gevoel van onsekerheid en onbevoegdheid wat ontstaan as gevolg van hulle swak ekonomiese omstandighede in die emigrasieland sowel as op die platteland[55]. Hulle slaan onderwys baie hoog aan

"both as a means to success in the world, and as an end in

---

51. Mulder, C.P. Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, no. 8, September 1970, p. 5486.

52. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, p.1;
Venter, J.D. Op. cit., pp. 43 - 50.

53. Loc. cit.;
Maatskappy vir Europese immigrasie. Jaarverslag 1972/73.

54. Vergelyk paragrawe 2.6.2, tabel 3 en 2.6.3, tabel 4.

55. Onderhoude met ouers en persoonlike waarneming in die lande van herkoms en die R.S.A.;
Vergelyk paragrawe 2.7 en 4.5.2.3.

itself."[56]

Die ekonomiese trekfaktore beïnvloed die geografiese verspreiding van immigrante in die R.S.A. en bring mee dat die migrante hulle in die Suid-Afrikaanse nywerheidsgroeipunte vestig. Dit gee aanleiding tot die konsentrasie van immigrantekinders in skole, veral van die oorgangsones van die volgende stede of dorpe waarin die immigrante se onderwysprobleme gelokaliseer is, te wete:

Kaapstad, Port Elizabeth en Uitenhage, Oos-Londen, die Oranjerivier- en Saldanhabaaiprojekte; Durban, Richardsbaai en Newcastle; Bloemfontein, Welkom; die kompleks Pretoria—Witwatersrand-Vaaldriehoek, veral in Pretoria, Johannesburg, Kempton Park, Germiston, Alberton, Vanderbijlpark, Vereeniging en Sasolburg, en ook in Witbank, Nelspruit, Pietersburg, ens.

2.4.2 Demografiese oorwegings

Die blanke minderheidsgroep in die R.S.A., soos blyk uit tabel 1, wil die blanke beskawing aan die suidpunt van Afrika bevorder, en daarom word daar onder meer staatgemaak op immigrasie[57]. Sy Edele die Staatspresident, mnr. C.R. Swart, het die volgende bevolkingsbeleid duidelik gestel in die openingsrede tot die Parlement op 19 Januarie 1962: "Al alternatief (naas integrasie) is die pad van nasionale rekonstruksie gegrond op differensiasie en met behoorlike inagneming van die belange van die verskillende bevolkingsgroepe."[58]

---

56. Oakley, R. New backgrounds, p. 42.

57. Onderhoud met prof. J.H. Moolman, direkteur van die Afrika-Instituut.

58. Swart, C.R. Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, no. 1, 19 - 26 Januarie 1962, p. 10.

Tabel 1

Bevolkingsgroei in die R.S.A. vanaf 1951 tot 1970*

Jaar	Omvang van bevolkingseenheid				Verhouding Blank : Nie-Blank
	Blank	Kleurling	Asiër	Bantoe	
1951	2 641 689	1 103 016	366 664	8 560 083	
% van bevolking	20,8	8,7	2,9	67,6	1 : 4,8
1960	3 088 492	1 509 258	477 125	10 927 922	
% van bevolking	19,3	9,4	3,0	68,3	1 : 5,2
% toename 1951-1960	16,91	36,83	30,13	27,66	
Groeikoers 1951-1960	1,691	3,683	3,013	2,766	
1970	3 750 716	2 018 533	620 422	15 057 559	
% van bevolking	17,8	9,4	2,9	69,9	1 : 5,6
% toename 1960-1970	21,44	33,74	30,03	37,79	
Groeikoers 1960-1970	2,144	3,374	3,20	3,77	

*Republiek van Suid-Afrika. Buro vir Statistiek. Statistiese jaarboek 1965, p. A - 3;

Van Rensburg, N.J. Bevolkingsontploffing in Suider-Afrika, pp. 5 en 6.

Dit is uit tabel 1 duidelik dat die aandeel van die blankes aan die bevolking van 1951 tot 1970 van 20,8% tot 17,8% verswak het. Die natuurlike aanwas van die nie-blankes is van die hoogste ter wêreld, en die Bantoebevolking het binne 19 jaar, van 1951 tot 1970, byna verdubbel. Die blankes se groeikoers van 1,691%

en 2,144% is relatief klein in vergelyking met 3,683% en 3,77% van die nie-blanke groepe, en die verhouding blank tot nie-blank word steeds kleiner. Om die verhouding tussen blank en nie-blank self te handhaaf en om die blanke bevolking se aandeel van 17,8% van die totale bevolking nie verder te laat daal nie is die blankes behalwe op natuurlike aanwas ook op immigrasie aangewese.

Die basiese kenmerk van enige ekspansionistiese immigrasiebeleid is dat die bevolking 'n getalsvermeerdering moet ondergaan. Waar daar 'n neiging by die blanke geboortesyfer was om min of meer konstant te bly op tussen 75 000 en 76 000 van 1960 tot 1963 en die groeikoers slegs 1,691% was van 1951 tot 1960, het die natuurlike geboorteaanwas binne 10 jaar van verhewigde immigrasie tot 89 596 in 1971 vermeerder, en het die groeikoers vir die tyd=perk 1960 - 1970 tot 2,144% gestyg[59]. Dit dui dus daarop dat immigrasie die blanke bevolkingsgroei sekondêr, direk positief gestimuleer het.

Hierdie plaaslike geboorteaanwas van immigrante voorspel dat die getalle immigrantekinders in nywerheidsgroeipunte sal toeneem. Hierdie immigrantekinders behoort vanweë hulle Suid-Afrikaanse burgerskap deur geboorte en hulle ses jaar verblyf in die R.S.A. voor skool, nie so vreemd te wees soos diegene wat uit die buite=land immigreer wanneer hulle by skole inskryf nie. Dit dui op die wenslikheid van voorskoolse onderwysverskaffing aan immigrante=kinders en op die gevaar van konsentrasie van immigrante, veral in primêre skole, in nywerheidsgebiede[60].

---

59. Van Rensburg, N.J. Bevolkingsontploffing in Suider-Afrika, p. 6;
Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, Vol. 8, no. 2, Junie 1974, p. 1.3.

60. Vergelyk paragraaf 4.5.1.2.2.

Voorgaande bevolkingsbeleid maak voorsiening vir eugenetiese en intellektuele versterking van die blanke bevolking - in belang van die Engels- sowel as die Afrikaanssprekende be= volking - sonder om die taalverhouding en bevolkingsverhouding ingrypend te versteur[61].

2.4.3 Sosiale en kulturele oorwegings

Die beskawingspeil van die Suid-Afrikaanse burger, gemeet aan sy besteding aan onderwys, vergelyk baie goed met die peil van burgers van die meeste Westerse lande (soos daaruit blyk dat die R.S.A. 4,0%, die Bondsrepubliek Duitsland 3,0%, Nederland 6,7%, Engeland 4,5% en Frankryk 4,8% van die bruto nasionale produk aan die onderwys bestee)[62]. Om hierdie beskawingspeil te handhaaf, is dit noodsaaklik dat geskoolde werkkragte in die stamlande, wat dieselfde of 'n hoër lewenstandaard handhaaf, gewerf word. Die Afrikaner verwag dan ook dat die immigrante uit die tradisionele stam= lande hulle by die Afrikaner moet voeg[63].

Aangesien die blanke bevolking van die R.S.A. vir byna 90% die Protestantse geloofsoortuiging huldig en ongeveer 60% hiervan Afrikaanssprekend is[64], en aangesien die onderwys Christelik van karakter is[65], is Protestantse Christelike

---

61. Koornhof, P.G.J. Openingstoespraak gelewer deur die Minister van Immigrasie by die eerste Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johan= nesburg, M.E.I., 1972, p. 13.

62. Persoonlike inligting verskaf deur die bibliotekaris van die Suid-Afrikaanse Reserwebank-biblioteek.

63. Meyer, P.J. Die kulturele inskakeling van die immigrant by die Afrikaner. Referaat gelewer by die Volkskongres oor immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., 1972, pp. 73—86.

64. Ibid., p. 86;
Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1972, p. A - 37.

65. Republiek van Suid-Afrika. Goewermentskennisgewing no. R 2029. Staatskoerant no. 3306, 12 November 1971, p. 19.

immigrante verkieslik. Die Regering het by verskillende geleenthede die versekering gegee dat die Staat se immigrasie=skema nie die getalleverhouding en ook nie die samestelling ten opsigte van geloof, volksgewoontes, taal en kultuur van die blanke taalgroepe sal versteur nie[66].

Immigrante wat vanweë ideologiese redes emigreer, behoort 'n goeie aanwins vir die blankes hier te lande te wees. Deesdae speel politieke redes as stootkrag egter 'n belangriker rol as godsdiens. Politieke vryheid word gesoek om te ontvlug aan politieke onrus, outokratiese of kommunistiese owerhede en so kom baie vlugtelinge na die R.S.A.[67].

Onderwysverskaffing behoort vanweë die bogenoemde besteding 'n trekkrag vir immigrante van ekonomies arm lande te wees omdat die immigrante graag hulle posisie wil verbeter[68].

Die opvoeding en onderwys van immigrantekinders moet nie net 'n kapitale belegging in arbeidskrag vir die R.S.A. wees nie; dit moet effektief voorsiening maak vir die suksesvolle inburgering en kulturele integrasie van die immigrantekinders en terselfdertyd ook die outochtone kinders beskerm[69].

2.5 Maatreëls ter bevordering van immigrasie en die inburgering van immigrante

Daar is sedert 1913 deur middel van wetgewing gepoog om immi=grasie op hegte grondslag te plaas. Deur die stigting van die Departement van Immigrasie, die formulering van die funksies van hierdie departement, omvattende wetgewing, instelling van 'n immigrantekeurraad, oprigting van inburgeringsorganisasies en die tref van onderwysmaatreëls, is immigrasie sedert 1961

---

66. Koornhof, P.G.J. Op. cit., p. 13.
67. Vergelyk paragraaf 2.5.2.
68. Vergelyk paragrawe 2.4.1 en 4.5.2.3.
69. Vergelyk paragraaf 6.2.

bevorder.

2.5.1 Stigting van die Departement van Immigrasie

Immigrasie veroorsaak ingewikkelde sosiale verhoudings wat die regulering en kontrolering van immigrasie deur die Staat nodig maak, omdat die beskerming van die wettige belange van die land se eie bevolking die ferme basis van enige nasionale immigrasiepoging maak[70].

Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal het in 'n troonrede op 20 Januarie 1961 aangekondig dat 'n Departement van Immigrasie gestig sal word om spesiale pogings aan te wend om geskikte blanke immigrante na Suid-Afrika te bring[71], en op 17 Februarie 1961 het die Minister van Binnelandse Sake die aankondiging in die Senaat herhaal[72]. Die stigting van die Departement van Immigrasie is met ingang van 1 April 1961, by Proklamasie 551 van 1961, amptelik aangekondig. Goewermentskennisgewing 724 van 1962 is vervolgens uitgevaardig om 'n verdeling van werksaamhede tussen die Departement van Binnelandse Sake, wat immigrasie aanvanklik behartig het, en die Departement van Immigrasie te bewerkstellig en om die uitvoering van die bepalings van die Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937, soos gewysig, wat betrekking op blywende vestiging in die Republiek het, aan die Minister van Immigrasie op te dra[73].

---

70. Borrie, W.D. Op. cit., p. 144.

71. Swart, C.R. Op. cit., p. 11.

72. De Klerk, J. Unie van Suid-Afrika. Debatte van die Senaat, no. 4, 13 tot 17 Februarie 1961, p. 1095.

73. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, p. 3.

Die Departement van Immigrasie moet dus met die Departement van Nasionale Opvoeding skakel ten opsigte van onderwysaange= leenthede vir immigrante. Skakeling met die Departement van Binnelandse Sake ten opsigte van onderwys aan vreemdelinge is egter ook wenslik.

2.5.2 Funksies van die Departement van Immigrasie

Die Departement van Immigrasie het die funksie om staats= ondersteunde immigrasie op gekontroleerde, selektiewe grondslag aktief te bevorder[74]. Immigrasie behels drie funksies, waar= van twee voltrek word in die emigrasieland, te wete owerheid= seleksie en voorligting, terwyl die derde funksie, van nasorg of bystand, in die immigrasieland voltrek word. Alle immigrasie= bewegings het een gemeenskaplike beginsel, nl.

"the volume of the total inflow or the direction from which the inflow comes can be varied from time to time according to the assessed national interest and the national interest has increasingly been defined in economic terms."[75]

Alhoewel dit die Departement van Immigrasie se beleid is om geskoolde werkkragte vir die beroepe wat 'n tekort aan geskoolde arbeid het, in die stamlande te werf[76], is dit vanweë die eko= nomiese welvaart en nywerheidsgroei in dié lande nie moontlik om alle vereiste immigrante daar te werf nie. Hierdie lande is self op werkkrag van elders aangewese. So was daar, byvoorbeeld in 1970, 1,9 miljoen vreemde werkers in die Bondsrepubliek van

---

74. Ibid., pp. 7 en 8.

75. Borrie, W.D. Op. cit., p. 39.

76. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tyd= perk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, p. 9.

Duitsland werksaam[77]. Ekonomiese redes maak dit dus noodsaaklik om blanke immigrante ook in ander lande te werf. Gevolglik moet die onderwys verskillende hoeveelhede immigrante-kinders uit verskillende lande en van verskillende sosio-ekonomiese, kulturele, genetiese en godsdienstige herkoms verwag[78].

Die beskermingsfunksie ten opsigte van die inheemse bevolking en die nasionale kultuur sluit die voorlê van aansoeke vir keuring om blywende vestiging in die R.S.A. aan die Immigrante-keurraad in[79]. Daar moet toegesien word dat die godsdiens-verhouding en die taalverhouding nie versteur en die volkskarakter nie aangetas word nie[80]. Hierdie regulerings- en kontroleringsfunksie van die Staat ten opsigte van die inheemse bevolking se volkskarakter en taalverhouding is vir die onderwys van die grootste belang omdat die nasionale karakter van die onderwys 'n nasionale skoolmilieu veronderstel.

Die uitoefening van beheer oor die beroep van die immigrant vir 'n tydperk van 3 jaar[81] is van besondere betekenis vir die onderwys van die immigrantekind omdat dit onnodige verskuiwing tussen skole, wat inskakeling vertraag, aan bande behoort te lê.

Die Departement van Immigrasie maak geldelike voorsiening vir die volgende[82]: om die Republiek as immigrasieland, en o.a. ook sy onderwysgeriewe in die buiteland bekend te stel; om mededingend te wees ten opsigte van immigrante; subsidiëring van private organisasies soos die South African Immigration Organization (SAMORGAN), wat immigrante in die Verenigde Koninkryk werf, en TRANSA Edms. Bpk., wat werwingswerk in Wes-Duitsland,

---

77. Koch, Herbert R. Gastarbeiterkinder in deutschen Schulen, p.1
78. Vergelyk paragrawe 2.6.1, tabel 2, 3.3 en 4.5.2.
79. Borrie, W.D. Op. cit., p. 54;
Vergelyk paragraaf 2.5.4.
80. Mulder, C.P. Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, no. 11, 26 tot 30 April 1971, p. 5483.
81. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, p. 8.
82. Ibid., pp. 5 - 9.

Switserland en Oostenryk doen; lidmaatskap van die Tussen= regeringse Komitee vir Europese Verhuising (TRKEV) om in voeling te bly met die beleidbepalende instansies in die vernaamste emigrasielande en wat ook reëlings tref vir vlugtelinge; oortogkoste van immigrante; losies vir immigrante totdat die broodwinners in 'n geskikte werk geplaas is, indien huisvesting en werk nie reeds vooraf beskikbaar is nie; indiensplasing, binnelandse vervoer, repatriasie, doel= treffende welsynsdienste, diverse noodopleiding en leiding van immigrante tot volle aanpassing en inlywing in alle opsigte by die blanke samelewing en sy gebruike; nasorg van immigrante totdat volle selfstandigheid en burgerskap bereik is, en vir immigrasiebewusmaking van die publiek, o.a. met die oog op verwelkoming van immigrante. Uit die aard van hierdie funk= sies, lê skakeling met die Departement van Nasionale Opvoeding voor die hand.

Die Departement van Immigrasie streef om hegte samewerking te bewerkstellig met organisasies soos die Maatskappy van Europese Immigrasie, die 1820 Settlers' Association, die Suid-Afrikaanse Immigrasietrust, die georganiseerde landbou en handel, die nywerheid en mynbou en enige ander instelling wat in landsbelang met immigrasie behulpsaam is[83].

2.5.3 Wetgewing met betrekking tot immigrasie, vreemdelinge en burgers

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is daar regsaspekte wat van besondere belang is. Die aanwesigheid van vreemdelinge in die R.S.A. word gereël deur twee stelle wette van die R.S.A.[84]

Dié wette is geklassifiseer en geannoteer onder die titels Immigrasie (Immigration) en Vreemdelinge en Burgers (Aliens and citizens).

---

83. Ibid., pp. 10 en 11.

84. Republiek van Suid-Afrika. Wette van die Republiek van Suid-Afrika geklassifiseer en geannoteer vanaf 1910, pp. 2 - 10.

Die Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937, soos gewysig, beperk en reël die binnekoms van sekere vreemdelinge en hulle verblyf of tydelike verblyf in die R.S.A.[85]. Hierdie wet maak voorsiening vir die beskerming van die immigrantekind daar magtiging tot uitreiking van 'n permit nie verleen mag word nie tensy die aansoeker in staat is en onderneem om die eggenoot en/of 'n kind onder die ouderdom van een en twintig jaar te onderhou[86]. Dit gebeur nietemin soms dat immigranteouers, wat maatskaplike probleme ondervind, hulle kinders verlaat en dat die Departement van Volkswelsyn dan moet ingryp. Intussen is hierdie kinders dan vir lang tydperke uit die skool afwesig[87].

Onreëlmatighede met betrekking tot besoekende skoliere wat op 16-jarige ouderdom uit ekonomies arm lande na die R.S.A. kom, met die oog op permanente vestiging of ontduiking van militêre diensplig in die land van herkoms, word deur die Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937, gedek[88].

Die Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, no. 22 van 1913, soos gewysig, maak voorsiening vir die uitsetting van ongewenste persone uit die R.S.A.[89]. Gevalle van misdaad en onaanvaarbaarheid kom onder adolessente immigrantekinders voor, wat uitsetting of deportasie volgens hierdie wet nodig maak om sodoende die Suid-Afrikaanse kinders en nasionale kultuur te beskerm[90].

---

85. Republiek van Suid-Afrika. Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937, arts. 4 en 5.
86. Ibid., art. 4.
87. Persoonlike waarneming en onderhoud met die Hoof van Volkswelsyn in die ondersoekgebied.
88. Republiek van Suid-Afrika. Die Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937, art. 2.
89. Republiek van Suid-Afrika. Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, no. 22 van 1913, art. 22.
90. Vergelyk paragraaf 4.7.4.

Die Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap, no. 44 van 1949 soos gewysig, maak voorsiening vir Suid-Afrikaanse burgerskap, hetsy deur geboorte, afkoms, registrasie of naturalisasie. Waar immigrasie op permanente vestiging en inburgering ingestel is, moet die onderwys die immigrantekind toerus vir Suid-Afrikaanse burgerskap[91].

2.5.4 Die Immigrantekeurraad

Daar word algemeen aanvaar dat die moderne Staat die reg het om kontrole uit te oefen oor die immigrante wat tot die land toegelaat word[92]. Die Wet op Vreemdelinge, no. 1 van 1937 soos gewysig, maak in art. 3 voorsiening vir die instelling van 'n Immigrantekeurraad vir staatsbeheerde keuring en om immigrasie te kontroleer. Seleksie en keuring van immigrante moet voorkomend van aard wees, en daarom moet keuring geskied om ekonomiese en sosiaal-kulturele spanning in die ontvangende samelewing te voorkom, deur die binnekoms van immigrante wat spanning kan veroorsaak te belet.

Dit is die funksie van die Immigrantekeurraad om, onderworpe aan statutêre bepalings en beperkings, kunsmatige seleksie van aansoeke om permanente vestiging in die R.S.A. te doen en magtiging te verleen tot uitreiking van permitte vir permanente vestiging. Hierdeur kan ongewenste immigrante met swak fisiese en geestelike gesondheid, wat nie reeds deur natuurlike seleksie uitgeskakel is nie, uit die land gehou word. Met die oog op seleksie bepaal art. 4(1) van Wet no. 1 van 1937 dat immigrante van goeie sedelike gedrag moet wees; hulle binne 'n redelike tydperk na binnekoms in die R.S.A. met die blanke inwoners moet vereenselwig en inskakel by die blanke samelewingstruktuur; nie die

---

91. Kotzee, A.L. Op. cit., p. 65.
92. Borrie, W.D. Op. cit., pp. 39 en 144.

welvaart van die R.S.A. moet benadeel nie en geen bedryf moet uitoefen waarin daar reeds 'n voldoende aantal mense werksaam is nie.

Die Immigrantekeurraad moet egter ook aan die bepalings van artikel 4 van die Wet tot Regeling van de Toelating van Personen tot de Unie, no. 22 van 1913, uitvoering gee. Hiervolgens word norme vir ongewenstheid van immigrante neergelê. Vir die doel=eindes van hierdie studie is die volgende kategorieë verbode immigrante van belang:

"(a) persone wat om ekonomiese redes of uit hoofde van lewenstandaard en gewoontes nie voldoen aan die eise van die Republiek nie;

(b) persone wat weens 'n gebrek aan opvoeding nie in staat is om 'n Europese taal te lees of te skryf nie;

(c) persone wat 'n openbare las kan word uit hoofde van liggaams- of sielsgebreke of nie genoeg middele besit om hulle afhanklikes te onderhou nie;

(f) iemand wat vir misdaad soos moord, openbare geweld, diefstal, ens., veroordeel is;

(g) 'n idioot of 'n lyer aan vallende siekte of iemand wat kranksinnig of wie se verstandsontwikkeling gebrekkig is, of iemand wat doofstom, doof en blind of ander liggaamsgebreke het, tensy die persoon vergesel is van 'n persoon wat volgens goeddunke van die Minister vir voortdurende onderhoud sal instaan;

(h) 'n melaatse of iemand met besmetlike aansteeklike siektes;

(j) iemand wat in die R.S.A. weens welke misdaad ook veroor=deel is en uit hoofde van die omstandighede van die mis=daad volgens die oordeel van die Minister 'n ongewenste ingesetene of besoeker in die R.S.A. is."

Kragtens artikel 22 van Wet no. 22 van 1913 moet persone wat hulle skuldig maak aan oortredings, soos genoem in die wet, uit die land gesit of gedeporteer word. Immigrante wat nie by die blanke se samelewingstruktuur wil inskakel nie en met die nie-blankes assosieer, word gedeporteer. Al is deportasie vanweë die koste daaraan verbonde nie ekonomies nie, is dit soms van sosiale, maatskaplike en kulturele belang.

Alhoewel die immigranteouers aan bogenoemde keuringsvoorwaardes voldoen, voldoen die immigrantekinders dikwels nie daaraan nie, en van dié kinders begaan bogenoemde oortredings[93]. Immigrante-kinders, afkomstig uit veelrassige skole, veral in Engeland, en immigrantekinders met gebrekkige verstandsontwikkeling veroorsaak probleme in die onderwys[94]. Waar immigrasie hoofsaaklik om ekonomiese redes onderneem word, word 'n swak tipe kind dikwels op die Suid-Afrikaanse skole gewerp. So moes die immigrasie uit Madeira byvoorbeeld gestaak word ooreenkomstig klousule (a) hierbo[95]. Dit is ook voor die hand liggend dat wanneer 'n land, soos byvoorbeeld die Bondsrepubliek Duitsland, self byna 2 miljoen vreemde werkers in diens neem, 'n redelike persentasie van die Duitsers wat ongeag die ekonomiese voorspoed emigreer 'n swak tipe burger sal wees, wat om ekonomiese redes emigreer en gevolglik 'n swak sosiale tipe kind op die Suid-Afrikaanse skole werp[96].

2.5.5 Inburgeringsorganisasies

Die Departement van Immigrasie kan as Staatsdepartement nie ook nog die formele of informele inburgering van immigrante onderneem

---

93. Vergelyk paragraaf 4.7.4.
94. Vergelyk paragraaf 3.4.3.3.4.
95. Onderhoude met Adjunk-sekretaris van die Departement van Immigrasie;
    Onderhoud met die kringinspekteur in die ondersoekterrein.
96. Persoonlike waarneming gedurende jarelange ondervinding;
    Vergelyk paragraaf 5.3.3.

nie. Daarom betrek die Departement staatsgesubsidieerde private en staatsorganisasies om die inskakeling van immigrante by die Suid-Afrikaanse gemeenskap te bevorder.

2.5.5.1 Staatsgesubsidieerde private organisasies

Die volgende twee staatsgesubsidieerde private organisasies is gestig om die inskakeling van immigrante te bevorder:[97]

(1) Die Maatskappy vir Europese Immigrasie (M.E.I.) wat in 1954 ontstaan het deur die gesamentlike optrede van die Afrikaanse kerke en kultuurliggame. Die M.E.I. spits hom in hoofsaak toe op immigrante wat van die Europese vasteland afkomstig is en trag om die kerklik-godsdienstige, opvoedkundige, ekonomiese, maatskaplike en kulturele inskakeling van dié immigrante te bevorder.

(2) Die 1820 Memorial Settlers' Association of Southern Africa bestaan sedert 1920 en is gestig ter gedagtenis aan die Britse Setlaars wat hulle in 1820 in die Oostelike Provinsie gevestig het. Hierdie organisasie spits hom hoofsaaklik toe op immigrante wat uit Engelssprekende lande kom.

Die Southern Africa League, wat immigrante uit Afrika moes behartig, is in 1969 ontbind, en bogenoemde twee organisasies behartig nou ook dié immigrante.

---

97. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, pp. 10 en 11;

Kemsley, G. The 1820 Memorial Settlers' Association. Journal of the 1820 Memorial Settlers' Association, Vol. 47, no. 6, Junie 1974, p. 6;

Maatskappy vir Europese Immigrasie. Jaarverslae 1970/71, 1971/72 en 1972/73.

Hierdie twee organisasies moet onder andere deur die verskil= lende streekskantore, wat as kontakpunte dien, die landsburgers en -burgeresse aktiveer tot die inskakeling van immigrante. Die werklike inskakelingsdiens moet nie as die taak van kantore gesien word nie, want die staatsubsidie is gebaseer op die feit dat inskakelingsdienste deur vrywillige kragte behartig word. Die aanpassing moet bewerkstellig word in die werkplek, woonbuurt en in die gemeenskapslewe, waaronder die skool, kerk, ontspanning, ens., ressorteer, sodat die immigrante wat uit hulle vroeëre geografiese, kulturele, sosiale, taalkundige, kerklike en beroepswêreld ontwortel is, oor die kritieke stadium van vestiging in 'n nuwe land gehelp kan word.

2.5.5.2 Private immigranteorganisasies

Immigrante het hier in Suid-Afrika, waar groot getalle immi= grante van besondere nasionaliteite konsentreer, immigranteorgani= sasies gestig. Die bekendste is die Deutscher Verein, Alliance Francaise, Heleense Klub, Portugese Klub, Italiaanse Klub, Helvetiese Klub en die Nederlandse Immigrasiedienste. Hierdie private organisasies help veral die volwassenes om tuis te voel en aan te pas in die nuwe omgewing, en voorsien in die behoefte om kontak met hulle eie mense deur medium van hulle eie taal te maak. Uit hierdie private immigranteorganisasies spruit die idee egter ook van private moedertaalonderwys en private skole. Dit het ook dikwels die nadeel dat die immigrante hulle in die immigrantegroepe isoleer en nie inskakel by die outochtone bevolking nie[98].

2.5.5.3 Staatsorganisasies

Die Departement van Immigrasie het, in oorleg met en deur bemiddeling van ander staatsinstansies, reëlings getref om immigrante se inskakeling by die Suid-Afrikaanse gemeenskap te bevorder. Daar is met die Departement van Nasionale Op= voeding en die provinsiale onderwysdepartemente reëlings getref

---

98. Borrie, W.D. Op. cit., p. 267;
Vergelyk paragrawe 3.4.3.4.2 en 4.5.2.3.

vir spesiale onderrig van immigrante.

(1) Beplanning van die Departement van Nasionale Opvoeding

Die voormalige Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, wat van 1 Januarie 1968 af verdeel is in die twee departe= mente Kultuursake en Hoër Onderwys en wat albei onder die Minister van Nasionale Opvoeding ressorteer sedert die Departe= ment van Nasionale Opvoeding met ingang van 1 November 1970 ingestel is, het in oorleg met die Departement van Immigrasie in 1965 vir 'n bedrag van R25 000 vir immigranteonderwys be= groot. Hierdie bedrag is daarna verhoog tot R75 000 per jaar vir projekte soos kampe, kursusse en simposiums, wat gereël word om immigrante by die Suid-Afrikaanse leefwyse in te skakel[99]. 'n Verdere R30 000 vir bevordering van assimilasie van jeugdige immigrante is vir 1967 begroot[100]. Dit is ge= bruik vir die opvoeding buite skoolverband, wat onder die De= partement van Kultuursake ressorteer. Die Suid-Afrikaanse Kultuurakademie het gevind dat daar gemeenskaplike vlakke by volksmusiek, volksdanse en sport is wat kan meehelp om die immigrante tuis te laat voel tussen Afrikaans- en Engelsspre= kende Suid-Afrikaners. Hierdie raakvlakke, asook die radio, word derhalwe vir inburgering benut[101].

Die Departement van Hoër Onderwys het in 1970 oor taallabora= toria/taalpraktikum in 13 sentra by tegniese skole en kolleges

---

99. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding. Jaarverslag vir die tydperk 1 November 1970 tot 31 Desember 1971, p. 2;
Republiek van Suid-Afrika. Debatte van die Volksraad, no. 12, 17 April tot 21 April 1967, p. 4657.

100. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Jaarverslag vir die kalenderjaar 1966, p. 32.

101. Loc. cit.;

Meyer, P.J. Die kulturele inskakeling van die immigrant by die Afrikaner. Referaat gelewer by die Volkskongres oor Immigrasie en die inburgering van die immigrant, Johannesburg, M.E.I., Sept. 1972, pp. 80 - 86.

vir gevorderde tegniese onderwys beskik, en 4 006 immigrante het gratis onderrig in albei die amptelike tale ontvang[102]. 'n Departementele geprogrammeerde taalkursus word in hierdie taallaboratoria gebruik. Twee taalinspekteurs, dr J.L. du Plooy en J.S. Middleton, is na die buiteland gestuur met die doel om so 'n kursus op te stel[103]. Hierna is kursusse deur dosente self ontwikkel, en die kursusse van Bakker en ook van Wessels en Roux word algemeen gebruik[104]. Immigrante ontvang 4 uur gratis onderrig per week (2 uur per dag vir 2 dae per week) vir 10 weke lank. Daarna word meer gevorderde kursusse aangebied. In die onderhawige ondersoekterrein bied die Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie (Yskor) ook kursusse aan in die nywerheid se eie taallaboratorium waar die meeste immigrante die Engelse kursus neem[105].

(2) Beplanning deur provinsiale onderwysdepartemente

Die Transvaalse Onderwysdepartement het by wyse van T.O.D.-Omsendbriewe nos. 33 van 1965 en 79 van 1967, voorsiening gemaak vir ekstra personeel aan skole met immigrantekinders. Dit word gedoen op aanbeveling van die plaaslike inspekteur van onderwys na raadpleging met die hoofde van die betrokke skole. T.O.D.-Omsendbrief no. 103 van 1965 reël die bevordering van immigrantleerlinge, en Omsendbriewe nos. 89 van 1965 en 35 van 1971 sit die voorwaardes van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad vir matrikulasie-eksamens vir immigranteleerlinge uiteen.

---

102. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding. Op. cit., p. 31.

103. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding. Jaarverslag vir die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap 1965, p. 16.

104. Bakker, M.A. So sê 'n mens;
Wessels, M. & Roux, A.P.J. Aangename kennis;
Vergelyk paragrawe 3.6, 4.8 en 6.2.

105. Persoonlike mededeling deur die hoof van die taaldienste van Yskor.

T.O.D.-Omsendbriewe no. 51 van 1965 en no. 35 van 1966 bevat riglyne vir die "Versuidafrikaansing van Immigrantekinders". Die leidrade is saamgestel met die oog op die besondere taak wat onderwysers in skole met immigrantekinders het om hierdie kinders nie slegs in die skool nie, maar ook in die provinsie en land te laat tuisvoel en om hulle te help inskakel in die gemeenskapslewe.

Volgens genoemde omsendbriewe moet die twee amptelike landstale so gou as moontlik aangeleer word, en word ook aanbeveel dat skole 'n definitiewe program vir die doel moet uitwerk en stelselmatig moet uitvoer. Die immigranteleerlinge wat die taalmedium van die skool verstaan, moet ook van 1972 af klasse in Jeugweerbaarheid bywoon[106]. Reëlings wat in essensie ooreenstem met dié vir Transvaal, geld ook vir die Oranje-Vrystaat[107].

2.6 Die omvang van immigrasie in die R.S.A. sedert 1961

Drie statistiese aspekte van immigrasie na die R.S.A. is vir die doeleindes van hierdie ondersoek, wat die tydperk 1961 - 1972 dek, van besondere belang, te wete die aantal immigrante van verskillende nasionaliteite, hulle beroepsindeling, wat hulle sosio-ekonomiese vestigingsproses grootliks bepaal, en die aantal immigrantekinders.

2.6.1 Die nasionaliteite en herkoms van immigrante

Die nasionale herkoms van immigrante en die toename in immigrasie sedert 1961 blyk uit tabel 2.

Die volgende faktore moet by die vertolking van die gegewens, wat in tabel 2 vervat is, in gedagte gehou word :

(1) Die samestelling en immigrasiekwota van immigrantegroepe word deur die politieke besluite van regerings van die

---

106. Transvaal Education Department. The implementation of Youth Preparedness, pp. 1 - 106.

107. Onderwysdepartement van die Oranje-Vrystaat. Onderhoud met hoof van die Onderwysburo.

Tabel 2

Immigrasie volgens lande van geboorte *

Jaar	Immigrante totaal	Lande van geboorte																					Emigrante totaal	Aanvaarding van S.A. burgerskap 3)
		Afrika	Amerika	Asië	Europa	België	Duitsland	Frankryk	Griekeland	Letland	Litaue	Ierse Republiek	Italië	Nederland	Oostenryk	Pole	Portugal	Skandinawië	Switserland	Verenigde Koninkryk	Ander	Oseanië		
1960	9 789	2 759	207	301	6 431	291	889	51	395	2	14	144	719	512	72	37	524	82	96	2 521	82	91	12 612	2 130
1961	16 309	7 771	292	491	7 649	332	895	72	756	3	9	123	954	416	93	56	659	117	111	2 933	120	106	14 903	2 240
1962	20 916	9 626	343	446	10 684	268	1 412	77	599	17	5	197	728	574	117	50	424	159	137	5 815	105	181	8 945	
1963	37 964	17 717	547	555	18 909	334	2 234	1 171	194	6	24	306	612	812	207	109	977	168	207	11 315	287	236	7 156	
1964	40 865	14 419	615	670	24 845	275	3 110	1 721	763	17	14	494	757	1 117	306	96	1 823	200	276	13 937	488	316	8 092	
1965	38 326	9 041	765	572	27 598	352	3 614	230	809	4	12	334	1 517	1 323	363	118	4 302	213	493	12 114	800	350	9 206	4 438
1966 A	41 920	10 993	752	613	29 238	359	3 099	306	140			357	1 913	1 272	563	87	5 793	155	644	12 777	773	324		
B	6 138	1 409	176	186	4 272	49	210	43	430			45	429	128	32	22	1 368	65	67	1 286	98	85		
T	48 048	12 402	928	799	35 510	408	3 309	349	349			402	2 342	1 400	595	109	7 161	220	711	14 063	871	409	9 888	5 764
1967 A	32 487	7 973	455	388	23 422	457	3 054	429	533			268	1 247	1 614	665	96	2 448	144	531	11 566	370	249		
B	6 450	1 695	200	241	4 145	53	270	59	433			47	322	154	41	29	422	48	82	2 081	104	169		
T	38 937	9 668	655	629	27 567	510	3 324	488	966			315	1 569	1 768	706	125	2 870	192	613	13 647	474	418	10 737	5 032
1968 A	34 430	6 814	324	418	26 596	493	3 702	240	798			261	1 383	1 475	912	89	1 611	178	654	14 057	743	278		
B	6 118	1 642	208	195	3 895	77	218	63	244			44	239	142	23	49	299	46	69	2 265	117	178		
T	40 548	8 456	532	613	30 491	570	3 920	303	1 042			305	1 622	1 617	935	138	1 910	224	723	16 322	860	456	10 589	
1969 A	35 933	6 240	349	519	28 471	490	3 181	562	689			281	1 312	1 400	825	79	1 228	157	953	15 161	2 153	354		
B	5 513	1 552	165	179	3 412	53	209	76	181			61	123	110	28	21	238	58	87	2 087	80	205		
T	41 446	7 792	514	698	31 883	543	3 390	638	870			342	1 435	510	853	100	1 466	215	1 040	17 248	2 233	559	9 018	
1970 A 1)	36 253	4 762	404	353	30 214	427	2 844	738	491			493	852	1 306	727	85	1 318	172	998	19 189	574	520		
B	5 270	1 337	185	126	3 472	39	220	91	168			90	136	109	31	25	219	77	67	2 100	100	150		
T	41 523	6 099	589	479	33 686	466	3 064	829	659			583	988	1 415	758	110	1 537	249	1 065	21 289	674	670	9 154	
1971 A	30 694	3 566	413	276	25 702	556	2 697	568	582			362	628	1 098	852	62	784	168	1 206	15 660	479	737		
B	5 151	1 054	205	121	3 571	28	258	54	29			85	153	129	43	22	233	106	91	2 041	299	200		
T	35 845	4 620	618	397	29 273	584	2 956	622	611			447	781	1 227	895	84	1 017	274	1 297	17 701	778	937	8 291	
1972 2)	32 776	4 100	963	344	26 198		2 215							1 099					1 068	17 754		1 171	7 803	

*Republiek van Suid-Afrika. Buro vir Statistiek. Suid-Afrikaanse Statistieke 1968, pp. B-9 en B-10.

Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Suid-Afrikaanse statistieke 1970, p. B-11

Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, Vol. 8, no. 2, Junie 1974, p. 1.9.

1) A = Persone wat as goedgekeurde immigrante aangekom het. B = Persone wat na aankoms as besoekers goedgekeur is as immigrante.
T = Totale getal immigrante.

2) Alle gegewens vir 1972 is nog nie beskikbaar nie.

3) Verdere gegewens kon nie opgespoor word nie.

lande van herkoms en die outochtone land bepaal[108]. 'n Groot aantal immigrante uit Afrika het van 1961 af hoofsaaklik om politieke redes na die R.S.A. as nuwe vaderland geïmmigreer en het weinig probleme vir die onderwys opgelewer omdat hulle een van die amptelike tale magtig was[109]. Hiermee saam hang die immigrasie van die Portugese uit Portugese gebiede, moontlik as besondere buurskapsgebaar. Vanweë die groot getalle Portugese, bv. 7 161 in 1966, gaan hierdie immigrasiebeweging met meer probleme gepaard[110].

(2) Die beweging uit ekonomies arm lande, met 'n lae lewenstandaard en agrariese oorbevolking, na lande met 'n geringe bevolkingsgroei en groter ekonomiese geleenthede is logies en 'n natuurlike migrasiepatroon[111]. Sodanige beweging uit die Mediterreense lande, wat 'n hoë emigrasiepotensiaal het, blyk uit die immigrasie uit Griekeland, Italië, Spanje, Portugal en Suid-Amerika, en die geringe aantal van hierdie emigrante wat uit die R.S.A. weer na hierdie lande terugkeer[112]. Vanweë hierdie ekonomiese faktor is die verblyf van hierdie immigrante om demografiese, maar veral kulturele redes van groter betekenis as die byvoorbeeld van die Britse, Nederlandse en Duitse immigrante, wat op veel groter skaal na hulle lande van herkoms terugkeer[113]. Die kultuurafstand tussen die Suid-Afrikaners en die immigrante uit die Mediterreense lande is naamlik groter as dié van immigrante uit die stamlande.

---

108. Borrie, W.D. Op. cit., p. 33.

109. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 April 1961 tot 30 Junie 1968, p. 2.

110. Vergelyk paragrawe 3.4.3.4.2 en 4.5.

111. Borrie, W.D. Op. cit., pp. 21 en 159.

112. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tydperk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, p. 4;
Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, Vol. 8, no. 2, Junie 1974, p. 1.13.

113. Loc. cit.

Die Rooms-Katolieke en Grieks-Ortodokse godsdiens van eers= genoemde immigrante is ook vreemd vir die oorwegend Protes= tantse outochtone bevolking[114]. Die onderwys sal dus voorsiening moet maak vir variërende kulturele en sosiale afstande tussen die verskillende groepe immigrante en sal moet in ag neem dat godsdiensvooroordeel saam met sosio-ekonomiese status gaan[115].

(3) Die immigrasiebeweging word ook gevoed deur vlugtelinge wat vanweë politieke vervolging 'n nuwe land soek waar hulle hulle in vrede kan vestig. Die getal Diverse immigrante het hoofsaaklik deur bemiddeling van TRKEV geïmmigreer nadat hulle vanweë ideologiese redes van agter die ystergordyn uit die satellietstate soos Hongarye, Tsjeggo-Slowakye, ens., gevlug het [116]. Hierdie immigrante wek simpatie by die burgers van die nuwe vaderland, wat hulle integrasie bevorder[117]

Hulle het egter in die onderwys met 'n geweldige taalprobleem te kampe. So ook was die Algerynse oorlog die stootfaktor vir die toename van Franse immigrante van 1963 tot 1964. Daar is 'n opvallende verskil tussen die Franse immigrante van 1963 en 1969.

(4) Immigrasie van die stamlande Nederland, België en Wes-Duitsland is gering omdat hierdie lande ekonomies welvarend is en self aangewese is op miljoene Gastarbeiter[118]. Dit is dus logies dat die tipe immigrant uit hierdie lande sal verskil van dié wat net na die Tweede Wêreldoorlog geïmmigreer het, veral ook omdat die R.S.A. moet meeding met lande soos Kanada en

---

114. Vergelyk paragrawe 3.3.4 en 4.5.2.2.
115. Allport, G.W. Op. cit., p. 344.
116. Vergelyk paragrawe 3.3, 3.4.3.1, tabel 14.
117. Allport, G.W. Op. cit., p. 154.
118. Vergelyk paragraaf 5.3.3.

Australië en dus net 'n klein deeltjie van die internasionale migrasiebeweging trek. Genoemde tipe immigrante beskou ook nie hulle vestiging in die R.S.A. so permanent van aard nie, en groot getalle emigreer weer[119]. Dus kan verwag word dat hulle hulle kinders se onderwys gerig sal wil hê op hulle moontlike terugkeer[120].

(5) Die grootste aantal immigrante kom uit die Verenigde Koninkryk, waar immigrante op taamlike groot skaal beskikbaar is[121]. Waar daar maar 2 521 immigrante in 1960 uit die Verenigde Koninkryk na die R.S.A. geëmigreer het, is die massa van 21 289 wat in 1970 geïmmigreer het, opvallend. Groter getalle Engelssprekende immigrante immigreer tans as gedurende die immigrasiebewegings wat deel was van die verengelsingsbeleid gedurende die Britse bewind in Suid-Afrika[122]. Meer as 75% van die immigrante is tans Engelssprekend, en dit kan die gevaar van versteuring van die taalverhouding inhou[123]. Die Engelsmediumskole sal dus die meeste immigrantekinders trek[124]. Vanweë die kritieke ekonomiese en demografiese situasie aanvaar die Afrikaner dié verskynsel geredeliker as in die vorige eeu[125]. Dit is egter belangrik dat gelet sal word op die invloed wat die konsentrasie van so 'n hoeveelheid immigrantekinders op die assimilasievermoë van Engelsmediumskole sal hê[126].

---

119. Onderhoude met immigranteouers; Vergelyk paragraaf 5.3.1.

120. Vergelyk paragraaf 3.4.1.3; Republiek van Suid-Afrika. Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, Vol. 8, no. 2, Junie 1974, p. 1.13.

121. Persoonlike waarneming en mededeling deur werwingsbeamptes en die Adjunk-sekretaris van Immigrasie.

122. Vergelyk paragraaf 2.3.

123. Vergelyk paragrawe 4.5.3 en 6.2.

124. Vergelyk paragrawe 3.4.3.1, tabel 14, en 4.3.2, tabel 22.

125. Van der Merwe, H.J.J.M. Immigrasie en die Afrikaanse kultuur. Tydskrif vir Geesteswetenskap, Vol. 5, no. 4, Des. 1965, pp. 369 - 374;
Nel, B.F. Die immigrante en die taal en kultuur van die Afrikaner. Tydskrif vir Geesteswetenskap, Vol. 5, no. 4, Des. 1965, pp. 362 - 368;
Allport, G.W. Op. cit., p. 225.

126. Vergelyk paragrawe 4.5.3.1, tabel 32, en 4.5.3.3, tabel 33.

(6) Die groot aantal immigrante en die groot verskeidenheid nasionaliteite bring mee dat hulle kultuurafstand van die Suid-Afrikaanse kultuur sal varieer en dus hulle onderwys sal kompliseer[127]. Die groot getal immigrante beskik oor die potensiaal om meer kinders te hê, wat die onderwysvoorsiening drasties kan beïnvloed.

2.6.2 Beroepsindeling van immigrante

As gevolg van toenemende industrialisering en die ekonomiese immigrasietrekfaktor konsentreer immigrante om en hulle kinders veral in skole van nywerheidsentra[128]. Die sosio-ekonomiese herkoms en struktuur van immigrante is vir die onderwys van belang omdat hulle deel vorm van die demografiese omgewing

Tabel 3

Beroepsindeling van immigrante, 1970*

Hoofberoepsgroepe	Immigrante	Hoofberoepsgroepe	Immigrante
Professioneel en tegnies	5 076	Dienswerkers	778
Besturend en administratief	876	Totaal ekonomies bedrywig	18 679
Klerklik	3 806		
Verkopers en verwante werkers	935	Onafhanklik	854
Landbou	219	Skoliere	7 444
Mynwese	91	Ander afhanklikes	13 975
Vervoer en kommunikasie	346	Ander nie ekonomies geklassifiseer nie	571
Fabrieks- en konstruksiewerkers	6 552	Groot totaal	41 523

* R.S.A. Departement van Statistiek. Bulletin van Statistiek, Vol. 8, no. 2, Junie 1974, p. 1.14.

127. Vergelyk paragraaf 4.2.

128. Vergelyk paragrawe 2.6 en 4.5.1.2.1, tabel 31.

van 'n skool, wat die onderwysgebeure grootliks bepaal[129] en omdat die sosiale agtergrond van die leerlinge ook 'n belangrike invloed op hulle taalontplooiing en akademiese prestasie uitoefen[130]. Die sosio-ekonomiese herkoms van immigrante blyk uit hulle beroepsindeling, wat in tabel 3 saamgevat is vir 1970, as jaar met buitengewoon baie immigrante.

Uit tabel 3 blyk dat die meerderheid immigrante se beroepe verband hou met die ekonomiese trekkrag, te wete die handel en nywerheid. Dit volg dus dat die groot getalle tegnici, fabrieks- en konstruksiewerkers hulle, vanweë beroepseise in stedelike nywerheidsentra sal vestig. Skole in die nywerheidsentra sal dus die meeste van die jaarlikse inname van ongeveer 7 000 skoliere, asook diegene wat later skoolgaande ouderdom bereik, trek. Talle ekonomies bedrywige moeders doen skofwerk in die swaar nywerhede, en dit lei tot ongereelde skoolbywoning van hulle kinders asook tot 'n behoefte aan versorging van voorskoolse immigrantekinders en skoolgaande immigrantekinders na skoolure[131].

Dit is ook uit tabel 3 duidelik dat daar 'n tekort aan geskoolde nywerheidslui is, wat deur immigrante verlig moet word. Dit dui op sy beurt daarop dat die elite-begrip in die onderwys, met sy premie op die meer akademiese, sg. "witboordjie"- en hoogs lonende beroepe, moet plek maak vir die behoefte van die arbeidsmark en 'n meer realistiese benadering, wat eie aanleg, vaardigheid en vermoë in ag neem eerder as sg. sosiale status[132]. Die onderwys van immigrante sowel as Suid-Afrikaanse kinders moet die sosiale weerstand teen ambags- en tegniese opleiding oorkom, sodat elke toekomstige burger ooreenkomstig aanleg en vermoë sy plek in die volkshuishouding kan volstaan. Dit is belangrik dat die kapitale belegging in die ouer se immigrasie nie net die ouer betrek nie, maar dat ook die immigrantekinders 'n demografiese, maar ook uiteindelik 'n ekonomiese, kulturele en sosiale wins moet wees.

---

129. Swift, D.F. Op. cit., pp. 61 - 62.

130. Lawton, D. Social class, language and education, p. 38.

131. Persoonlike waarneming en inligting van immigrantekinders; Vergelyk paragrawe 4.7.3.7 en 6.2.

132. Banks, O. The sociology of education, pp. 212 - 217.

Die beroep van die ouers bepaal ook die inkomste en vestiging van die gesin. Hierdie vestigingsproses word later noukeuriger beskryf aangesien dit in hierdie ondersoek en in die onderwys= beplanning sterk figureer.

2.6.3 Die aantal immigrantekinders

Die demografiese oogmerk met immigrasie motiveer gesinsmigrasie, wat meebring dat immigranteskoliere gerugsteun word deur 'n re= serwe van voorskoolse immigrantekinders - waarvan sommige in die R.S.A. gebore is. Tabel 4 dui die aantal minderjarige immigrante aan waaruit die skoliere kom.

Tabel 4

Immigrantekinders volgens ouderdom*

Jaar	Ouderdomsgroep (jare)			
	0-4	5-9	10-14	15-19
1961	1972	1365	1044	1323
1962	2587	1946	1401	1615
1963	4872	3939	2898	2492
1964	5091	3948	2834	2798
1965	4483	3474	2377	2329
1966	←	12893[1]	→	2865
1967	4376	3587	2261	2225
1968	4438	3698	2269	1996
1969	4379	3839	2335	2054
1970	4597	4052	2688	1765
1971	4083	3258	2211	1449
1972[2]				

*R.S.A. Buro vir Statistiek. Statistiese Jaarboek 1965, p.B-12; R.S.A. Departement van Statistiek. Suid-Afrikaanse Statis= tieke 1972, p. B-12.

1) Statistieke slegs beskikbaar vir 0-14 jaar.
2) Nog nie beskikbaar nie.

Die belangrikheid om spesiale aandag aan immigrantekinders gedurende die skooltydperk te wy, is duidelik wanneer immigrante-onderwys in eenvoudige numeriese terme ondersoek word. Uit tabelle 3 en 4 is dit duidelik dat daar jaarliks ongeveer 7 000 immigrantekinders in skole opgeneem word. Volgens tabel 4 was daar tussen 1960 en 1969 elke jaar meer as 50% van die immigrantekinders in die ouderdomsgroep 0 - 4 jaar, wat verder aangevul is deur diegene wat in die R.S.A. gebore is. Hierdie getal voorskoolse immigrante se skok of aanslag op Graad 1 sal dus die grootste wees, en dit sal belangrik wees om die omvang hiervan te bepaal. Hulle groot getalle dui ook op 'n behoefte aan voorskoolse onderwys, veral met die oog daarop om die voertaal aan te leer. Die skoolpligtige immigrantekinders wat nie die voertaal magtig is nie, sal 'n geweldige behoefte aan taalonderwys hê, waarvoor onderwysvoorsiening veral na 9 jaar progressief met ouderdom sal moet toeneem[133]. Soos uit die voorgaande blyk, moet die onderwys deeglik met gesinsmigrasie rekening hou om nie alleen vooruit te beplan nie, maar ook omdat die gesin 'n nukleus voorsien waarin die taalgebruik en gewoontes van die land van herkoms behou word[134]. Demografiese redes maak die groot aantal immigrantekinders van die grootste belang, omdat die tweede geslag makliker as die eerste aanpas en saam met die Suid-Afrikaanse kinders op skool opgevoed kan word. Die aantal immigrantekinders is ook ter aanvulling van die outochtone kinders van besondere ekonomiese belang wanneer in gedagte gehou word dat

"the development of educated people is the most important capital formation, their number, quality and utilisation the most meaningful index of the wealth producing capacity of the country"[135].

2.7 Slotopmerking

Emigrasie en immigrasie is teëstellende vorme van migrasie. Immigrasie dui vir die doeleindes van hierdie ondersoek op

---

133. Vergelyk paragraaf 4.3.6.

134. Borrie, W.D. Op. cit., p. 42;
Vergelyk paragrawe 2.7 en 4.3.8.

135. Swift, D.F. Op. cit., p. 103.

blywende vestiging in die R.S.A. Dit maak aanpassing en in= burgering by die nuwe kulturele en sosiale milieu nodig. Die onderwys is by uitstek die medium om die gewenste sosiale ver= andering te weeg te bring, die kultuurafstand te oorbrug en kulturele integrasie en inburgering te bevorder. Onderwys aan eie private skole kan egter ook deur die immigrant as verdedigingsmeganisme gebruik word om die kultuur van die land van herkoms te behou.

Die onderwys aan immigrantekinders in Suid-Afrika het egter ook 'n historiese aspek wat vir die huidige onderwysverskaffing aan immigrantekinders in ag geneem moet word, veral omdat die outochtone volk die resultaat van immigrasie en die daarmee gepaard gaande onderwysreëlings is. Voor die Britse besetting is die beleid van verspreiding en integrasie met die meerderheid van die blanke gemeenskap gevolg. So is die Franse Hugenote en Duitsers tussen die Vryburgers versprei en het hulle hulle spoe= dig met die bevolking geïdentifiseer. So het die Afrikanervolk sy oorsprong gehad. Na die Britse besetting is 'n verengelsings- en 'n denasionaliseringsbeleid gevolg omdat die nuwe immigrante hulle Engelse kultuur wou handhaaf ten koste van die inheemse blanke bevolking. Groepsvestiging van Britse immigrante en stigting van hulle eie skole met Engels as voertaal het die verengelsingsbeleid bevorder. Die kulturele en nasionale be= dreiging van die Afrikaner het sy nasionale gevoel juis gestimu= leer en het noodwendig tot botsings op nasionale vlak gelei in die geleidelike proses van akkommodasie - wat nog steeds voort= duur.

Die periodieke groepsvestiging van Duitse immigrante en die stigting van eie Duitse skole het hulle integrasie met die inheemse bevolking vertraag. Die Duitsers skakel in konsen= trasiegebiede baie geleidelik by die Engelse en Afrikaners in, afhangende van hulle ewegroep of die meerderheid van die bevolking in die betrokke omgewing. In die gevalle waar beter ekonomiese vooruitsigte die trekfaktor is, sien immigrante hulle vestiging as tydelik en word Engels as wêreldtaal verkies. Diegene wat nie uitsluitlik om materiële redes geëmigreer het nie, was gewoonlik die mees geslaagde immigrante. Die immigrante

wie se aanpassing slegs op die materiële gerig is se belang= stelling in die land se waardes en norme is gering. Daar is niks om hulle oor moontlike materiële frustrasie te help nie, en hulle neem soms aggressief deel aan pogings van minderheids= groepe teen die bestaande orde[136]. In die gevalle waar Suid-Afrika egter as nuwe vaderland die trekfaktor was, het veral politieke vlugtelinge van die vyftiger- en sestigerjare hulle hoofsaaklik by die Afrikaner gevoeg. Die Protestantse geloof het integrasie van immigrante met die Afrikaner bevorder[137].

Immigrasie na die R.S.A. is vanweë ekonomiese, demografiese, sosiale en kulturele oorwegings noodsaaklik. Die werwing van immigrante word in verband gebring met die R.S.A. se behoefte aan geskoolde opgeleide werkers en met instandhouding van die ekonomiese groeikoers van $5\frac{1}{2}\%$, wat 'n jaarlikse inname van $\pm$ 40 000 immigrante verg[138]. Hierdie 40 000 immigrante stimu= leer nie net die demografiese uitbreiding van die blanke be= volking nie maar dra ook by tot die ekonomiese groei en die sosiale en kulturele ontwikkeling van die R.S.A.

Immigrasie is na 1960 bevorder deur die stigting van die Departe= ment van Immigrasie. Die funksies van hierdie departement sluit onder andere die regulering en kontrolering van immigrasie in, om ook die belange van die inheemse bevolking te beskerm. Vir dié doel bestaan omvattende wetgewing wat die binnekoms en ver= blyf van vreemdelinge reël. 'n Immigrantekeurraad is ingestel om die immigrante wat tot die land toegelaat word, te keur. Die Departement van Immigrasie kan as staatsdepartement nie ook nog die inburgering van immigrante onderneem nie en gee derhalwe steun aan staatsgesubsidieerde, private en staatsorganisasies om die inskakeling van immigrante te bevorder. So behartig

---

136. Menges, L.J. Op. cit., p. 62.

137. Republiek van Suid-Afrika. Departement van Immigrasie. Verslag van die Departement van Immigrasie vir die tyd= perk 1 Julie 1968 tot 30 Junie 1970, p. 1.

138. Loc. cit.

die Maatskappy vir Europese Immigrasie en die 1820 Settlers' Association die inskakeling by die Afrikaanse en die Engelse gemeenskap onderskeidelik. Private immigranteorganisasies is ook behulpsaam met die aanpassing van immigrante in die R.S.A. Die Departement van Nasionale Opvoeding stel, benewens geldelike bydraes, ook taallaboratoria/taalpraktikum en immigrantetaalprogramme (radio) beskikbaar om immigrante met hulle kommunikasieprobleem te help. Die provinsiale onderwysdepartemente reël deur middel van omsendbriewe en 'n handleiding oor die versuidafrikaansing van immigrante o.a. vir bykomende personeel, spesiale taalonderrig en eksamenvergunnings.

Die belangrikheid om spesiale aandag aan immigrantekinders te wy gedurende die skooltydperk is duidelik wanneer die immigranteonderwys in numeriese terme ondersoek word. Die immigrasie van 40 000 immigrante bring mee dat daar jaarliks gemiddeld 7 000 skoliere van verskillende nasionaliteite ontvang word. Daarby kom die natuurlike aanwas van immigrantekinders hier te lande. Die samestelling van die immigrasiekwota wat hierdie skolierewins te weeg bring, berus basies op regeringsbesluite van die emigrasie- sowel as die immigrasielande. Immigrante immigreer hoofsaaklik om ekonomiese trekfaktore van ekonomies arm lande met 'n lae lewenstandaard en 'n agrariese oorbevolking, soos uit Portugal en Griekeland, of uit lande soos die Verenigde Koninkryk, waar immigrante op groot skaal beskikbaar is vanweë 'n ongunstige of onstabiele ekonomiese of politieke klimaat. Immigrasie uit die stamlande is gering omdat hierdie lande, byvoorbeeld Wes-Duitsland en Nederland, self ekonomies welvarend en aangewese op Gastarbeiter en immigrante is. Buurskap en gemeenskaplike belange tussen die R.S.A. en lande soos Rhodesië en Portugal bevorder ook immigrasie, veral Portugese immigrasie. Immigrasie word verder ook aangevul deur vlugtelinge wat om ideologiese redes vanagter die ystergordyn uit die satellietstate soos Hongarye en Tsjeggo-Slowakye vlug.

Weens die feit dat die immigrante oorwegend handels-, fabrieks- en konstruksiewerkers is, konsentreer hulle in die nywerheidsen= tra.

Alhoewel ekonomies en geografies beplande vestiging die inska= keling van immigrante kan bevorder, is die onderwys bepalend vir die inburgering, veral van die immigrantekind. Die Departe= ment van Immigrasie is in die besonder aangewese op die onderwys vir die inburgering van immigrante, en daarom is dit nodig om 'n objektiewe beeld van die didakties-pedagogiese situasie waarin die immigrantekinders hulle in 'n belangrike industriële gebied in die R.S.A. bevind, te verkry. Teen die agtergrond van hier= die hoofstuk, wat oor die immigrasie in die R.S.A. handel, moet die didakties-pedagogiese situasie krities beskou en sistematies beskryf word om moontlike leemtes uit te lig ten einde die effek= tiefste organisatoriese en didakties-pedagogiese maatreëls te tref in belang van die outochtone sowel as die immigrantekinders.